CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXII NOMMER 12 16 SEPTEMBER 1977

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# STUDENT EN DIE POLITIEK

**deur Nuusredakteur**

**Die vraag ontstaan of die student hom moet bemoei met landspolitiek en/of partypolitiek.**

Tydens die Inougurele ete van die MCSM (Modern Conservative Student Movement) het die Eerste Minister, mnr. John Vorster, in 'n toespraak aan die Konserwatiewe groep op Wits gesê:

- Dat die studente nie moet dink dat hulle met hul kennis die land se probleme kan oplos nie.
- Verder moet hulle nie toelaat dat hulle deur grootmense gebruik en misbruik word in die politiek nie.
- Die student kan sy land die beste dien deur eerstens sy studies te voltooi.
- Hy merk oók 'n gees van realistiese konserwatiewe idealisme by die jongmens op.

**Verkiesing**

Ná die afgelope S.R.-verkiesing op Wits lyk dit asof die student en politiek nie geskei kan word nie.

Gedurende die afgelope Wits verkiesing is beskuldigings oor en weer gegooi.

Die konserwatiewes word daarvan beskuldig dat hulle die Nasionale party steun en selfs min. John Vorster na die kampus genooi het (Verwys na ete).

Die liberales is weer op hulle beurt daarvan beskuldig dat die Colin Eglins en Helen Suzmans hulle verkiesingsveldtog finansier.

Oënskynlik is liberales die meerderheid op die kampus.

Dit is die eerste keer dat die regse studente na vore kom en 'n standpunt inneem.

Op 24 Augustus 1977 het die beweging, MCSM tot stand gekom onder leiding van Peter Wentzel en Adam van Tonder.

Hulle het tien punte wat hulle as grondbeginsel stel:


- Ons glo in Gód
- Ons glo aan studenteleiding vir studente.
- Ons erken die tradisionele konserwatiewe oogpunt, wat gebaseer is op die regte van die individu.
- As Suid-Afrikaànse studente glo ons in ons reg tot deelname aan landspolitiek.
- Ons verbind onsself aan geen politieke party nie en glo dat enige verandering deur middel van die stembusse moet kom.
- Ons verwerp kommunisme of enige vorm van totalitêre staatsgesag.
- Ons glo dat die gereg onafhanklik van die wetgewende gesag moet bly.
- Ons verwerp geweld as 'n manier om politieke mag te verkry.
- Ons glo in gebiedsoewereiniteit van Suid-Afrika en verwerp die inmenging deur ander lande in die huishoudelike sake van 'n soewereine staat.
- Ons erken ons Westerse kulturele erfenis en is vasbeslote om dit te bewaar as 'n belangrike element van ons Suid-Afrikaanse leefwyse. Ons erken daarom ook die reg van ander kulture in S.A. om vry en onafhanklik te ontwikkel binne ons soewereine land.

Gedurende die verkiesing het die Penningmeester van die MCSM, mnr. Mark Chasey, gesê hy voel optimisties dat die konserwatiewes die meerderheid gaan kry.

Daar was egter groot ontevredenheid onder die regses: van hul sterk kandidate, Miles Conway, Peter Britz en Andrew Hardey, het uitgeval. Die regse kandidate wat ingekom het is Adam van Tonder, Peter Wentzel en Rhett Kahn. Die regses sal waarskynlik aandring dat die stemme oorgetel moet word.

In 'n onderhoud aan "Die Wapad" het Mnr. Peter Wentzel gesê dat die MCSM beweging 'n blywende beweging is. Hulle is by die S.R. gekonstitueer en hulle hoop om volgende jaar by die 1000 lede te wees.

Dit skyn ongetwyfeld of die Afrikaanse student heelwat minder aktief betrokke is by politiek as die Engelse student.



*Eerste Minister Mnr. John Voster.*

# Springbokkaptein sluit jaar af

**"Ek het groot vertroue in die Suid-Afrikaanse jeug, maar hul moet meer politiek bewus gemaak word, omrede die lewensritme aangegee word deur die jeug". So het mnr. Dawie de Villiers tydens die afsluitingsbyeenkoms van die Politiese Raad gesê.**

Dit is die taak en voorreg van die jeug om die Politieke stelsel te verbeter daar waar ontevredenheid heers. Daar is 'n behoefte aan en die geleentheid om 'n bydrae te lewer vir Suid-Afrika en die politiek. Die wêreldpolitiek is gedurig aan die verander en ons moet lig-loop dat die veranderinge nie buite beheer raak nie.

Suid-Afrika staan op die vooraand van baie belangrike sosio-politiese veranderinge en vir enige land is dit 'n uiters delikate en sensitiewe fase. Dat ons hierdie probleem sal kan hanteer is nie te betwyfel nie.

**RUSSIESE IDEOLOGIE**

Aangaande die Russiese uitbreiding het mnr. De Villiers, L.V. van Johannesburg-Wes en oud Springbok-Rugbykaptein, gesê dat daar by ons geen illusie moet ontstaan dat die Russe nie in Suid-Afrika belangstel nie. Indien die Russe hul hand op S.A. kan lê sal hul die Weste doodwurg. Die redes vir hul belangstelling in Suid-Afrika is legio. Alhoewel hulle nie baie belangstel in ons minerale rykdomme nie, is die strategiese waarde hiervan en ons posisie aan die Suidpunt vir die Oosterse blok van kardinale belang.

Die reeds bekende Russiese ideologie van wêreldoorheersing word op subtiele wyse verskans. Die Kubaanse marionette in Angola spreek vir hulself. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Regering skerp veroordeel is vir sy deelname in die oorlog, was daar weinig reaksie teen die inmenging van die Kubane. In die traagheid van die Weste om sterk op te tree het die Russe geleentheid om dieper in te dring.

Die Russe benut die vloeibaarheid van politiek in Afrika ten volle. Die sogenaamde "Swart bevryding" word gewetenloos deur die Russe uitgebuit tot hul eie voordeel, maar die wêreld sluit hul oë hiervoor.

"Dat Suid-Afrika die muishond van die wêreld is, is 'n voldonge feit". Sedert die 2de Wêreldoorlog is daar skerp reaksie teen enige vorm van rassisme a.g.v. die Duitsers se siening dat hul die "uitverkore" volk was. Suid-Afrika word aan die Wêreld voorgehou as die prototipe van Nazi-Duitsland. Die oningeligte wêreld sluk alles omrede die geesteskllimaat anti-rassisties is.

Die Weste het met 'n skok ontdek dat die Afrika-stem die VVO kan swaai en daar het 'n koorsagtige vryery na Swart Afrika ontstaan wat gelei word deur die pro-swart V.S.A.

**MEER TYD**

Tyd is vandag 'n kritiese faktor en S.A. se horlosie word op 'n ander ritme gestel as dié van die res van die wêreld. Ons word nie tyd gegun om ons sake rustig te verander nie, maar moet teen 'n koorsagtige tempo die mensdom probeer tevrede stel.

Die groot probleem vandag is dat die mense nie wil aanvaar dat dit noodsaaklik is om met verandering saam te leef nie. Daar is remming hierteen en die verlede wil na die toekoms verleng word.

Daar is ruim geleentheid vir verbetering tussen die twee uiterste pole wat die tendens vandag geword het. 'n Klein persentasie wil klaar boedel oorgee teenoor die heethoofde wat glo dat alles met geweld reggestel kan word.

Indien ons hierdie uiterstes gaan aanvaar, wag daar 'n donker toekoms op ons. Die uitweg vir Suid-Afrika is 'n nugtere en realistiese politiek. Die Nasionale Party kan sterk optree omrede hy groot steun geniet onder alle vlakke van die samelewing.



**DISKRIMINASIE**

Elke afsonderlike groep is inter-afhanklik en die Regering wil sien dat elke groep oor homself moet heers – volkome. Dit is moontlik dat die groepe van mekaar kan wegbeweeg maar dit is geregverdig solank elke groep sy kosbaarste besitting, nl. identiteit, sal behou.

Die V.S.A. skree blou moord teen S.A. maar gerieflikheidshalwe vergeet hulle dat die situasie daar heeltemal verskil van toestande hier. Dat hulle die Negers van hul identiteit ontneem het word bewys deur die Negers se tendens om Sjangaan te leer om hul afkoms te probeer vasstel.

Diskriminasie is geregverdig indien dit tot gevolg het dat die identiteit en selfregeringsvermoë nie geskaad word nie.

Geen wet kan identiteit waarborg nie – dit kom van die wil om jouself te wees.

„POTCH SPEED DEN"
INDIËR WINKELSENTRUM 26
TEL 4713
Bande min 35%
Motorradios & Bandspelers
SPESIAAL!
FM RADIOS – R19-95

GLASVESEL BLINDERS @ KOSPRYS R19-95
HIERDIE AANBOD IS GELDIG NET VIR SEPTEMBER
CASTROL GTX OLIE – 5 LITER @ R3-95
„KLIPSKERMS" R6-95 vir enige model
„POWERTHRUST" UITLAATSTELSELS vir alle motors min 30% afslag.

ONS IS OOP TUSSEN 1 en 2

# ILSE SÊ: BLY VROU?

**Dit was vir haar 'n harde skolingsjaar, maar sy het saam met fantastiese SR-lede gedien. Die kontak op die kampus en veral met ander universiteite het die jaar verder laat uitblink.**

Haar resep vir 'n vrou om sukses te behaal op die SR, is om vrou te bly. Jy is as vrou verkies en daarom is dit belangrik om vrou te bly, sê sy. Sy moes sekere vermoëns aanleer, soos 'n objektiewe redeneervermoë, hoewel sy as vrou nie haar emosionaliteit verloor het nie.

Sy het haarself kon handhaaf tussen die mans deur hul vertroue in en respek vir haar standpunt te wen. As jy goed standpunt inneem sodat hulle trots is op jou optrede, maak hulle dit vir jou maklik om jouself te handhaaf.

In haar SR-verpligtinge het sy nie soseer as vrou opgetree nie, maar moes selfstandig lid van die span wees. In buite-aktiwiteite en ontspanning moes sy weer die emosievolle, afhanklike vrou wees, omdat die mans dan afhanklikheid wou hê, sê sy.

Die hoogtepunte in hierdie jaar was:


- die feit dat die SR as een gefunksioneer het en dat sy lid kon voel van die eenheid;
- skakelbesoeke aan ander universiteite;
- die ASB-kongres;
- die mooi manier waarop die mans die Alma Mater sing.

Struikelblokke in die afgelope jaar was dat sy as enigste dame verantwoordelik was vir alle damessake, terwyl die mans saam verantwoordelikheid gedra het. Die mans het verwag dat die meisie absoluut op alle vlakke moet uitblink. Sy moes briljante akademikus, intelligente skakelbeampte, mooi sosiale dame op 'n dinee tegelyk wees, terwyl die mans mekaar kon balanseer.

Uit dure ervaring gee sy raad vir die toekoms: daar moet meer as een meisie op die SR wees, omdat twee tot vier meisies balans sal bring. Daar sal dan verskillende tipes leiers wees sodat minder eise aan die enkele meisie gestel word. Dit is belangrik vir die SR-dame om in druk situasies vinnig 'n sinvolle bydraende standpunt te huldig. Dit is ontsettend belangrik dat die damesleier vroeër in die koshuis raakgesien, geskool en uitgelewer word om as leier op te tree sodat sy rypheid bereik vóórdat sy SR-lid word. Die dames moet ook vertroue en hul eie geslag ontwikkel.

Sy dink dat wat die dames die volgende vier tot vyf jaar uitrig, die grondslag gaan vorm vir die aantal en tipe damesleier van die toekoms.

Sy tree nou uit die aktiewe studentelewe, maar sê dat dit uiters belangrik vir die uittredende damesleier is om selfdissipline aan die dag te lê om êrens in 'n organisasie opgeneem te word. Hierdie skoling kan dan nuttig vir volk en land aangewend word sodat die talente nie verlore gaan in die kospotte nie.



*Mej. Ilse Kuun, die dame op die SR tydens 1976/77, het gesê dit was 'n wonderlike geleentheid en voorreg om verantwoordelikheid op die SR te dra.*

# KIKKER JOU DAG OP!

**Nee, wat nou volg, is nie 'n nuwe tandepaste-advertensie nie. D net 'n paar wenke om te voorkom dat jou dae sommer maar n verbysleep.**

- Neem Saterdag heeltemal 'af' en bestee die volle 24 uur net aan jouself.
- Vergeet die horlosie
- Draf Mooirivier toe en pluk bloeisels as jy terugkom.
- Drink elfuur ystee.
- Lees Ingrid Jonker-verse.
- Sit 'n gesigsmasker op.
- Bad in 'n skuimbad waar net jou kop uitsteek.
- Luister na Chopin en lees Beethoven se geskiedenis.
- Versorg jou naels 'n slag ordentlik.
- Henna jou hare.
- Eet springmielies of iets waarvoor jy al lankal lus is, soos Griekse koekies of gemmerbier.
- Kleur jou afgeleefde bruin sandale helder blou.
- Groet 'n wildvreemde man op die kampus en vra uit na sy ma en pa – onthou sy gesigsuitdrukking om jou op te helder as jy simpel voel oor 'n onbenulligheid di volgende dag.
- Lê in die son en verbee jou jy's op een van Onassis s jagte.
- Koop 'n onbehoorlik duu syserp.
- Gaan kuier vir 'n ou oo of tante.
- Lees jou St. 9-dagboek.
- Doen iets met jou hand batik of verf 'n kis helder geel.
- Skryf vir jou ma 'n moo brief.
- Gaan ry met jou fiets e pluk armsvol veldgrasse.
- Mediteer of doen te minste een joga-oefening.
- Neem vir jou 'n boek u by die kinderbiblioteek, e verbeel jou jy's ses.
- Lag vir nouself.

Al wat ek jou kan verse ker is dat jy die aand prop vol en doodmoeg aan di slaap gaan raak.

# DIS HEERLIK om . . .!

**Hoeveel van ons meisies op die kampus dink nog ooit daaraan dat dit tussen die natgehuilde ku sings (af en toe) oor 'n man, dit nogtans heerlik is om 'n meisie te wees? Dat dit heerlik is om jo self te verkneuter in fyn onderkleertjies en ligpienk rose, modetydskrifte oor en deur te kyk en som mer net die man se naam oor en oor neer te skryf in die kantlyn!**

Ek is so bang dat ons meisies vandag volgepomp word deur vroueregte en emansipasiepraatjies en ons so afgestomp en blasé raak, dat ons werklike meisiewees daarmee besig is om verlore te gaan! Moenie my verkeerd verstaan nie – ek wil ons meisies nie terugdwing in 'n Victoriaanse tydsgees nie, al waarvoor ek pleit is dat ons weer intens bewus moet raak dat dit heerlik is om meisie te wees.

Al ooit daaraan gedink dat 'n man nie in badolie mag bad nie, dat hulle nie Saterdae-agtermiddag met komkommers op hulle oë mag lê nie? Is dit nie opwindend dat 'n meisie op 'n Vrydagaand in die fynste spierwit skouerlose rok fyntjies 'n whiskey mag weier, om net die Saterdagmiddag daarna op 'n rugbypawiljoen nartjies te sit en inprop en saam met jou mede-studente op en af te spring met "Yea Puk!"

'n Meisie mag huil oor "Gone with the Wind", papawers op pad bult toe pluk, eerste instap by deure, en tog kan sy daarop aandring om self haar pakkie boeke te dra, of om haar eie mening te hê oor Nick Nolte. 'n Meisie mag saampraat oor Andrew Young of oor die grootte van De Gaulle se neus, sy mag 'n fyn blommegeur parfuum of 'n eksotiese muskusolie op haar polse sit, sy kan kakieklere dra, kaalvoet loop en fyn kettinkies om haar middel of enkel dra: net omdat sy meisie is.

'n Meisie kan haarself handhaaf in 'n gesprek oor buitelandse valuta, of haar dom hou oor die Franse soen. Sy kan vlegsels of bollatjies dra, ringe en armbande, ongelooflike skeppings, of rondloop in 'n uitgeravelde, deurgedrade St. 7 jean.

As jy volgende keer parfuum aansit – dink daaraan dat dit 'n ongewone andersheid aan jou verleen – of as jy in die hoofstraat 'n draairoomys eet – jy mag maar, want 'n meisie wat rêrig leef steur haar nie aan ongemotiveerde vasgesteldhede nie: jy kan nostalgies terugverlan na jou Hoërskoolkyse, of wy sig beplan dat jy 'n beigero en pêrels op jou dertigst verjaarsdag gaan aantrek.

Jy kan elke aand "Sak van die Dag" luister o lawwe "Darling"-artikels lee jy kan oor 'n glas rooiwy redeneer oor aborsie, o marshmallows eet op di maat van die Maanlig sonate.

'n Meisie kan haar hare i lekkerruikgoed was of ' miniatuurrotstuintjie in ' erdebakkie bou.

'n Meisie kan so lekke LEEF. Geniet elke oomblik

# DAMESBLAD HET PLANNE

**Die redaksie stel dit in die vooruitsig om 'n Puk-dame af te vaardig om vir 'n jaar "Die Wapad" in Parys, Frankryk te gaan verteenwoordig. Sy hoef dan slegs elke twee weke 'n artikel te skrywe oor die jongste modenuus uit die huise van Dior, Lavin en andere vir die Damesblad. As daar enige dame is wat belangstel, moet sy asseblief die redaksie kontak.**

VEREISTES: Die dame moet ten minste 30 jaar oud wees, bereid wees om haar vlieg- en verblyfkoste in Parys te betaal, nooit weer die mini terug te verwelkom nie en crimpelene verban.

Ons beplan om verskeie Puk-damesfigure in dié blad aan die lesers voor te stel. Ons sal onder andere uitvind of die betrokkene in "Sunshine" gehuil het en hoe sy oor "aktuele" sake soos blom in die hare of nie blom in die hare nie voel!

Nee, maar dis nou ernstig – as daar enige dame op die Puk is waarvan jy iets meer wil weet, laat die redaksie asb. weet (L.W. dié rubriek sal NIE ontwikkel in 'n 'Wapad-Opsitkers' of 'Tannie Engela gee raad' nie.

Moenie die volgende uitgawe mis nie – daar gaan inligting oor dieet ook verskyn.


## SPESIALE STUDENTEPRYSE

**MAISON HAZELETTE**
**OWENSLAAN 4**
**(REGOOR CHECKERS)**

VRA VIR **ANTONIO**

*LAAT 'N KENNER U HARE SNY*

| | |
|---|---|
| *HAARSNY* | *R 2-50* |
| *SNY & BLAASDROOG* | *R 4-50 - R 5-50* |
| *KARTELLINGS* | *R10-00 - R12-50* |
| *„HIGHLIGHT"* | *R 8-00 - R11-00* |

BESTELLINGS: **TEL. 5570**
MANS OOK WELKOM



## PRO-REGE

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

**Tomstraat 86 - - Potchefstroom**

**Tel. 8875**

# Nuwe Oriëntiering?

**Die idee van oriëntering is puik, maar die reaksie, veral van die dore, is ongunstig.**

Korpssel Kulu het tydens 'n kamervergadering probeer om beter perspektief oor die holruggeryde onderwerp van oriëntering te kry. Die swak reaksie is waarskynlik te danke aan drie faktore:

- Sommige seniors pak die oriëntering dalk verkeerd aan. Deur dinge te skree wat sinloos is en nie gesag afdwing nie, kan daar 'n teenreaksie ontlok word.
- Daar bestaan eerder 'n behoefte aan opleiding. Kampus- en studente aangeleenthede is belangriker as opvoerings van Hansie en Grietjie en ander dergelike seniorvermaak.
- Dit is moeilik vir eerstejaars om eensklaps gesaghebbende bevele te ontvang. Hulle was in matriek gewoond om self leiding te neem en bevele te gee.

Die groep het ook gevoel dat oriëntering nie meer reg benut word nie. Dit word al swakker toegepas en het 'n swakker senior wat dislojaal is teenoor die Puk en die koshuis tot gevolg. 'n Voorstel is gedoen dat oriëntering meer periodiek herhaal moet word.

Oriëntering behoort ook meer geörganiseerd plaas te vind. Die algemene gevoel van die groep is dat daar meer definitiewe leiding aan seniors voor oriëntering gegee moet word. Op so 'n manier word volle samewerking verkry en word die regte optrede verseker.

Die vergadering is dit eens dat goeie senior-eerstejaarverhouding kan ontstaan as die seniors die regte geleentheede reg gebruik.

Daar is ook voorgestel dat daar gedink moet word aan 'n nuwe oriënteringsprogram. Dit kan die tradisionele boetie-sussie-probleem die hoof bied.

Die groep meen dat kreatiewe denke van die Pukke se kant die SSR kan help met hulle besluite oor oriëntering.

## *Fotiek stal uit*

FOTIEK hou van 13 tot 14 September 'n foto-uitstalling in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit-gebou.

Die tema sluit enige iets in wat betrekking het op die term "atmosfeer". Die uitstalling is oop vir almal.

# SKAAK

**Met die intervarsity verby en die akademie wat met onverbiddelike fanalitiet sy pond vleis vereis, gaan dit maar effens stillerig by die skaakklub. Die skaakklub het vanjaar sterk uitgebrei en ons kon twee spanne inskryf vir Intervarsity en die Wes-Tvl.-liga. Die liga is egter nog nie afgehandel nie en ons vra lede om nog net 'n rukkie uit te hou sodat ons die saak enduit kan deurvoer.**

As iemand belangstel om aan te sluit, of net lus het om so tussen die akademie deur 'n bietjie te "ontspan" met 'n potjie skaak, is hulle welkom om Maandagaande om half agt by kamer 10 van die Frans du Toit-gebou te kom inloer. Dames is meer as welkom en hulle hoef nie bang te wees dat hulle alleen sal wees nie (Daar was vanjaar 'n hele aantal dames in die twee spanne en hulle het al menige man op sy neus laat kyk.)

Die klubkampioenskappe is voor die intervarsity teen Kovsies afgehandel en Johannes Swanepoel het weereens as die Kampioen na vore getree. Baie geluk Swannie!

Aan die vorige bestuur, met Johan Eagar as voorsitter, net 'n woord van hartlike dank vir die onvermoeide ywer gedurende die vorige termyn.

Groetnis tot Maandagaand.

# GROOT FEES OP KAMPUS

**Die laaste geleentheid vir groot feeste vanjaar, sal op 3 Oktober plaasvind. Die PUKKE sal soos gewoonlik in hul massas na die Fanie du Toit kan optrek.**

Kampusfees '77, beter bekend as die lentefees is die ideale geleentheid om die toetse se moegheid af te skud. Volgens die reëlingskomitee is daar op die datum besluit want dit is net ná die toetse en net voor bloktyd.

Dié geleentheid sal nie net 'n bier en braai wees nie. 'n Interessante program, wat soveel moontlik mense aktief betrek, word beplan. Elke kompetisie het 'n prys wat gewen moet word.

Interkoshuisboksgevegte (slegs mans) beloof om baie opwindend te wees. Deelnemers mag nie vorige boksondervinding hê nie. 'n Lekker toutrekkompetisie sal vir mans- en dameskoshuise gereël word. Dit behoort groot pret te wees.

Die Pukkies sal die nodige swier aan die Fees verleen. Die komitee beoog ook 'n kompetisie om die man met die mooiste baard aan te wys.

Studente word daarop gewys dat geen etes dié aand in die eetsale bedien sal word nie. Almal sal kos by die vleisbraai kan kry.

## FOTO'S TE KOOP

SOMMIGES van die foto's wat in die Wapad verskyn het, kan by die redaksie bestel word. Daar sal twee groottes beskikbaar gestel word, 'n grootte van om en by 17cm X 23cm @ 75c.

As iemand belangstel in so 'n foto, moet hy enige lid op die Wapad-redaksie kom spreek tussen halftwee en twee uur, Maandag Vrydag, buitekant die Puk-pik.

## *Besembos vroeër*

**Die 1977 Besembos, een van die PUK se top studente publikasies, verskyn vanjaar vroeër.**

Die uitgawe wat op 30 September verskyn sal 'n volkleur harde buiteband hê.

Hoewel hy effens dunner sal wees as in die verlede word al die Rade en verenigings se aktiwiteite gedek. Verder sal daar feitlike en atmosferiese artikels verskyn. Foto's, waaronder heelwat in kleur, sal aan die orde van die dag wees.

Vir die liefhebbers van die poësie is daar voorsiening gemaak met 'n paar gedigte wat oor die blad versprei is.

Die groot nuus aan die saak verbonde is dat die Besembos vanjaar goedkoper sal wees.

# Groot planne vir Kuesta 1978

**Kuesta 1977, wat in samewerking met die POK op die Potchefstroomse kampus aangebied is, was in 'n groot mate 'n sukses in dié sin dat die verrigtinge deur 98 studente van die verskillende Afrikaanse kampusse bygewoon is. Dit is verblydend dat die getal opgeskuiwe het ná die teleurstellende getal van 35 by RAU in 1976. As 'n mens egter die totale Afrikaanse studentetal in aanmerking neem, is die skamele 98 'n skreiende skande en 'n aanklag teen die Afrikaanse student se belangstelling.**

Die feit dat KUESTA 1978 weer op die Potchefstroomse kampus in samewerking met die POK gaan plaasvind, is vir ons 'n uitdaging om 'n puik aanbieding te lewer, om die verrigtinge so aantreklik moontlik te maak en so nou as moontlik met die ander kampusse te skakel dat ons 'n menigte studente betrek. Die ideale toestand sal natuurlik wees as ons probleme met huisvesting van die KUESTA-gangers het!

Een van die doelstellings vir KUESTA in Julie 1978, is om die kunsfees in ere te herstel. Die kunsfees het tot dusver 'n knou gekry as gevolg van gebrek aan belangstelling. Daarom dan ook dat KUESTA 'n doodskleur begin kry het. Dit feit dat daar slegs kursusse aangebied is, het die dinge ietwat oninteressant gemaak.

Daar word gepoog om 'n wye belangstelling in kompetisies in musiek-, drama-, skeppende kunste-, en die uitstalling van studentewerke te ontlok. Dié afdelings sal in samewerking met die provinsiale departemente van uitvoerende kunste, soos TRUK e.d.m. plaasvind. Daar sal gepoog word om professionele mense te kry vir die beoordeling van die onderskeie afdelings.

KUESTA 1978 is dus 'n poging om die Afrikaanse student meer kultuurbewys te maak en hulle aan te moedig tot individuele skeppings en uitleef van verborge talente. Sommige is wel bewus van hul talente, maar het net nie die geleentheid om dit ten volle uit te leef nie. Dit is dalk 'n gulde geleentheid vir die musieklikes onder ons om met 'n paar nuwe, oorspronklike Afrikaanse liedjies vorendag te kom, waarna 'n mens graag sal wil luister. Dan hoef 'n mens dalk nie meer skaam-skaam jou kop weg te draai as 'n afgewaterde Afrikaanse liedjie oor die radio blêr nie.

'n Skommeling in kursusse sal plaasvind en 'n gebalanseerde lys van aanloklike kursusse is die ideaal. Dit wil so wyd as moontlik die interessantste inligting dek.

Onder die voorgestelde kursusse vir volgende jaar is fotografie, perry, pottebakkery, skeidsregters- of afrigterskursusse in sport, Aqualongduik, valskermspring en motorherstelkunde om maar net 'n paar te noem. Met voldoende borginkomste kan daar ten volle aandag gegee word aan professionele aanbiedings wat die moeite werd is en dit is 'n moet vir elke student om dit by te bring. Indien daar sekere voorkeure en voorstelle onder die studente is, sal die KUESTA-komitee dit met graagte ontvang. Wenke kan in KUESTA se hokkie, nommer 26, gegooi word.

Ons nooi u uit om met aandag en belangstelling ingestel te wees op verdere inligting en kennisgewings in die WAPAD en ander plaaslike koerante, plakkate en strooibiljette. Kom help die PUK om van hierdie uitdaging 'n reuse sukses te maak.

# STAATSDIENS -BEURSE

**Vier beamptes van die Staatsdienskommissie sal op 19, 20 en 21 September 1977 onderhoude voer met alle Staatsdiensbeurshouers en *ander studente wat belangstel* in beurse of loopbane in die Staatsdiens. Die beamptes sal op die betrokke dae tussen 09h00 en 16h00 in die Senaatsaal op die kampus beskikbaar wees om studente te woord te staan.**

Die Staatsdiensbeursskema is die grootste beursskema in die land. R2½ miljoen Rand word jaarliks aan beurse uitbetaal.

Beurse vir 1978 word in 121 studierigtings beskikbaar gestel en beloop R1000 per jaar. Vir elke jaar wat 'n student 'n beurs ontvang, kan hy na verwerwing van sy graad-diploma, sy beursverpligtinge deur dieselfde aantal jare diens aflos.

Die beurs word hoofsaaklik op grond van akademiese prestasie toegeken.

Die doel van die skema is om die tekort wat in sekere rigtings in die Staatsdiens ondervind word, aan te vul.

Nieteenstaande die ekonomiese insinking wat tans beleef word, beskik die Staatsdiens nog oor interessante werkgeleenthede in verskeie rigtings.


TELADY

MOTORBOETIEK

'N AANBOD WAT NIE GEKLOP KAN WORD NIE!




Castrol GTX R3,99

MOTOROLIE vir 5 liter

NOU BY

TELADY

„HYPER STORE"

Gouwsstraat 7 - Tel. 5851 - Potchefstroom

die WAPAD

# NUWE KONSERWATISME

**Tydens die verkiesings op verskillende kampusse in Suid-Afrika die afgelope tyd het dit gebleik dat die student van vandag nie onbetrokke kan bly ten opsigte van politiek nie.**

**'n Gees van konserwatisme is besig om op die Engelse kampusse stadig maar seker sy stem dik te maak. Tydens die afgelope verkiesing op Wits het die konserwatiewes duidelik na vore gekom. Sonder om te aarsel het hulle aan die massa te kenne gegee wat en wie hulle steun.**

**Die konserwatiewes op Wits het nou ook georganiseerd na vore gekom. Die nuwe "Moderne Konserwatisme" is nou ook 'n jong, maar steeds vitale organisasie. Die reguit pad wat hulle loop dwing net respek af.**

**Hulle stel dit ook duidelik in hulle tien beginsels waarvoor hulle staan: Hulle glo in God, hulle erken die tradisionele konserwatiewe oogpunt wat gebaseer is op die regte van die individu, hulle verwerp enige vorm van totalitêre staatsgesag.**

**Hierdie groep Witsies kan vir ons 'n voorbeeld wees. Dit het miskien tyd geword dat ons moet begin besin wat ons standpunt is. Miskien weet ons nie want ons hoef nie so hard te stry nie.**

**Dit is duidelik dat die Modern Conservatism Student Movement besiel is met hulle taak. Ons wens hulle alle sterkte vir die toekoms toe.**

# KAMPUSFEES

**Die meeste georganiseerde studenteaktiwiteite het oënskynlik ten einde gekom. Dit lyk egter of daar nog 'n redelike onrustige atmosfeer op die kampus heers.**

**Daar is nog verskeie organisasies wat vir laas nog 'n vergadering, braaivleis of dinee wil inpas. Buiten al die aksies lê daar nog een groot aksie wat vir alle studente bedoel is om die draai. Die tradisionele lentefees word vanjaar vervang met 'n kampusfees.**


**Ons hoop dat 'n ieder en 'n elk van die laaste groot geleentheid voor die eksamen gebruik sal maak om te ontspan.**

# GLIMLAG

**Ons besef daar bestaan groot akademiese drukte op die kampus. Almal werk dat dit gons. Ons wil egter net vra dat elke Puk te midde van die akademie moet onthou dat almal maar swaar dra. 'n Vriendelike glimlag en groet sal help om die las te verlig.**

# DANKIE EN GELUK

**Die nuwe redaksie van Die Wapad het nou oorgeneem. Net 'n hartelike woord van geluk met hulle aanstellings. Hiermee wil die nuwe redaksie terselfdertyd ook die ou redaksie bedank vir die stewige fondament wat hulle vir ons agtergelaat het. Ons wens hulle net sterkte toe met wat hulle ookal mag doen in die toekoms.**




# Uit die Woord

## Die Liefde van jou Bruidstyd

*Jer. 2:2(b) ". . . So spreek die Here: Ek onthou die geneentheid van jou jeug, die liefde van jou bruidstyd. . ."*

*Wanneer 'n mens jonk is, is dit seker een van die wonderlikste belewenisse om lief te kan hê. As jongmens is jy bereid om enigiets vir jou liefde te doen, en dan swem jy deur elke spreekwoordelike rivier of jy klim oor elke spreekwoordelike berg, ter wille van die liefde. Juis daarom vergelyk die Here sy volk in Jer. 2:2 met 'n jongmens. Die Here wys hier op die tyd toe Hy Israel as 'n jong volk uit Egiteland uitgelei het. Met toewyding het hulle die wolkkolom en die vuurkolom van die Here deur die woestyn heen gevolg tot in Kanaän. Al het die volk toe dikwels gemurmureer en gekla, vorm hulle lewenswyse in die tyd van Jeremia 'n radikale kontras met daardie beginjare van hulle bestaan as 'n volk. Was hulle maar nou nog soos in daardie dae! Ja, want toe was die volk soos 'n jongmens wat kon liefhê soos alleen maar 'n jongmens kan – onvoorwaardelik en altyd welwillend!*

*Ons gaan natuurlik ook deur 'n ontwikkelingsgang want ons word ouer en ons kan nie vir altyd jongmense bly nie. Ons mag egter nie al verder van die Here af wegdwaal soos wat ons ouer word nie. As jongmense staan ons bloot vir baie verleidinge. Daarom moet ons elke dag van ons studentelewe, ook in hierdie druk akademiese tyd, die geneentheid van ons heug en die liefde van ons bruidstyd onthou. Die onvoorwaardelike liefde en opregte gesindheid tot die Here, wat ons vir Hom in ons ouerhuise leer kry het, mag ons nie nóú vergeet nie. Ons moet agter die Here aanloop en Hom dien en bely, soos wat 'n bruid en 'n vrou altyd haar geliefde wil volg. As ons agter die genietinge van die wêreld aanloop, word ons ook soos Israel wat "agter niëtige afgode aan geloop het en self nietig geword het" (2:5). Ons mag nie die heerlikheid wat Christus vir ons gebring het, verruil vir wat geen voordeel bring nie. Daarom herinner die Here ons deur Sy Woord aan die geneentheid van ons jeug en die liefde van ons bruidstyd. Laat ons daaraan vashou!*

# WAT IS?

deur Isabel Hoogenboezem

Het jy dit gesien?
Het jy dit geruik?
Het jy dit gehoor?
Het jy dit gevoel?

Dis die lente – die lente is hier! Ek sien dit in die klein, saggroen blaartjies aan die amper swart takke van die akkerbome, aan die spierwit en die pienk-pienk bloeiseltjies, aan die vrolike blomme wat daar deesdae in die Puk se tuine te sien is, ek ruik dit in die oggend vroeg as die lug vol blomme is en in die aand as die windjie so vars is.

Ek hoor dit aan die voëltjies. Het jy al vroeg-vroeg opgestaan hier op die Puk en vir die voëls gaan luister? Dit klink na 'n groot voëlbruilof; die voortdurende gekoer van die duiwe as 'n refrein.

Ek voel dit aan die tinteling in my are as ek die lente inasem, met my hande probeer vat – ek voel die lente!

Hoor jy dit, of het ons ore lankal doof geword; hoor ons net mekaar se klagtes en ons eie stem? Sien ons dit nog – of staar ons vas teen die mure van ons klein lewetjies? Kan ons nog die lente ruik – of ruik ons net die eetsaal se kos? Voel jy dit – of is jy lewensmoeg, voel jy net die lus van die lewe op jou skouers?

Ook in sommige harte word dit lente. Was daar ooit iets so groots, so teer? Dié liefde soos dit die eerste maal in jou hart ontwaak. Soos 'n lentebloeisel aan 'n boom, maar so broos, breekbaar. Dit is so nuut, en tog, tog het almal voor ons ook gedink dis nuut, het vele paartjies voorheen al gemeen dat hulle die eerste en enigste was om só te voel.

Laat ons dit so hou, laat ons vir mekaar goed wees, ook in ons vriendskappe – want daar is nog so iets soos vriendskap hier. Laat ons die een die ander hoër ag as homself en mekaar nie tot gebruiksartikels verlaag nie – sodat wanneer die verhouding dalk skipbreuk gely het, ons mooi herinneringe kan hê, ons mekaar nog in die oë kan kyk, ons nog vir mekaar kan bid.

Dis hierdie tyd van die jaar wat mens so onmiskenbaar besef: Ek lewe! Ek lewe en mense om my lewe. Wie het ooit na die dood verlang?

Party mense kan so voluit lewe – so bly en vrolik en opgeruimd – so asof hulle wil lewe. Die lewe is vir hulle nie 'n straf nie. Hulle geniet dit en teug diep daaruit. Hulle lewe nie op rof nie, steeds vir die dag van môre nie. Hulle waardeer alles wat vandag bied en bêre dit om môre weer te betrag en te geniet. Hulle is ook nooit verveeld nie – as daar vandag niks buitengewoons gebeur nie, dan teer hulle op al die belewenisse van gister, op al die klein lekkerkry insidentjies van menswees. Hulle het te veel om te doen, en tog altyd nog tyd – vir ander.

Ander kere leef ons weer so proe-proe. So versigtig asof ons bang is om iets bitters in te kry. Vra een hoe dit gaan, antwoord ons mos: "Kan nie kla nie"! Wil ons dan kla – wil ons hê dit moet sleg gaan sodat ons onsself kan jammer kry? Ons is soms te besig om uit te sien na môre, of ons kan nie wag vir die naweek of die vakansie nie. En so gaan vandag verby en het ons daar niks van oor nie, omdat ons nie vandag geléwe het nie. Dan is ons verveeld, het te min te doen en kry tog niks gedaan nie.

Iemand het die volgende geskryf:

"Look wel to this day
For yesterday is but a dream
And tomorrow is a vision
But today, well lived,
makes every yesterday
A dream of happines
And every tomorrow
A vision of hope."

*– ANONIEM*

Dikwels is ons so verstar in ons daaglikse probleme, staar ons ons vas op die horison van ons eie lewetjie, dat ons nooit verder kyk en die moontlikhede van vernuwing sien nie. Ons het oud geword in die tyd en ons vergeet die woorde: "Kyk dit het alles nuut geword, die ou dinge het verbygegaan."

UIT

NO.

13

# *Taal kan verbeter*

Geagte Heer

Aangesien u nuut in die pos is en – ek neem aan – graag van Die Wapad as studentekoerant 'n sukses wil maak, bied ek my dienste as dosent in die Departement Kommunikasiekunde aan.

Hoewel dit nie u verantwoordelikheid was nie, wil ek tog daarop wys dat die standaard van vanjaar se Wapad – terwyl dit die amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. is en as lid van ASPU op die ander kampusse te lees is – veel te wense oorlaat.

Soos u by die vorige redakteur kan uitvind, het ons departement reeds aan die begin van die jaar probeer help. Ons het lesings gegee waarin ons probeer het om die hele vierjaar-kursus in Kommunikasiekunde in 'n neutedop aan die Wapadreaksielede oor te dra – dit is byna 'n onmoontlike taak. Ek het ook 'n kort lys van taalwenke aan die redakteur gegee. Indien hy dié lys aan elke Wapad-redaksielid gegee en vereis het dat dit nagekom word, sou die taal van Die Wapad nie so swak gewees het nie.

Ek besef egter dat die tydsfaktor die grootste probleem is. Ek stel eerstens voor dat u onmiddellik begin om die organisasie so te reël dat daar genoeg tyd is om die berigte taalkundig te versorg. Hierby bedoel ek bloot die regmaak van spelfoute, ek wil nie aan die skryfstyl verander nie.

As daar dus meer tyd is vir die taalversorging, kan ek en 'n paar van my studente die berigte "sub". Ons moet minstens 'n dag daarvoor hê en kan dit nie Maandagnagte twaalfuur doen nie.

Tweedens moet u asb. die lyste wat ek hierby insluit a. Afrikaans vir die koerantman, b. Koerantwenke en c. Subtekens aan elke redaksielid en bydraer gee en sorg dat hulle hul daarby hou.

Derdens moet u as redakteur besluit op 'n eenvormige skryfstyl. Aangesien die universiteit op die mashoof as die P.U. vir C.H.O. aangegee word, sou ek voorstel dat dit deurgaans so gespel word en nie PU vir CHO nie.

Vergelyk die voorblad van Die Wapad van 19 Augustus. Die naam van die universiteit word 7 cm. uitmekaar op twee verskillende maniere gespel, dieselfde met intervarsity.

Die kritiek moet u asseblief as hulp en belangstelling en trots op my Alma Mater beskou.

Laat ons tog kyk of ons volgende jaar se Wapad 'n meer professionele kleur kan gee en minder na 'n hoërskoolkoerant – wat die taal betref – kan laat lyk en die wedstryd vir die beste studentekoerant wen.

Vriendelike groete.

Mev. L. de Wet.

**Die Wapad verwelkom graag positiewe kritiek. Ons besef dit kan ons net help om 'n beter koerant te laat verskyn. Die redaksie sal verder ondersoek instel na die praktiese uitvoering van u voorstelle. Nogmaals dankie, ons waardeer u openheid – (Red.)**

# *Liggaam en gees*

Die Redakteur

**" 'n Gesonde Liggaam huisves 'n gesonde Gees"?**

Dié stelling hoor ons dikwels – selfs op ons kampus. Hierdie gedagte is egter tipies Platonisties. Plato, wat 'n hele paar eeue vóór Christus geleef het, het gesê: **Die gees beheers die liggaam.** ('n Beheersde liggaam is dus getuie van 'n beheerste gees.) **Gimnastiek leer die beheersing van die liggaam,** (en 'n beheersde liggaam is getuie van 'n beheerste gees, d.w.s. gimnastiek bevorder ook 'n beheersde of gesonde gees.)

Dit blyk dus dat Plato meen dat sport sowel die liggaam as die gees dissiplineer. Hierdie redenasie het tot in die twintigste eeu bly voortbestaan: " 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees."

Wat is ons Christene se standpunt dan? Die siel is belangriker as die liggaam. Dit het Plato ook wel gesê, maar vir hom gaan dit meer oor die intellektualistiese rede. Die Bybel sê dat die siel belangriker is as die liggaam omdat e.g. hom kwel oor dit wat ewigheidsbetekenis het (vgl. 1 Tim. 4:8)

Die liggaam, sê die Bybel, is 'n woning, 'n tentwoning. Dit is vir ons gegee as beskjerming teen die storms van buite. Dit het verskeie lewensfunksies. Dit moet gebruik word om God se koninkryk uit te bou. God is ook besorg oor ons liggame: geen haar sal daarvan afval sonder sý medewete nie.

Die liggaam is dus baie belangrik, maar die gees belangriker. "Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomende lewe het." (Tim. 4:8)

Daar is ook praktiese voorbeelde wat hierdie spreuk-pleidooi verkeerd bewys. Dink maar aan Calvyn, wat 'n baie sieklike man was. Tog was sy gees "baie gesond". Hoeveel ander mense – sieklikes – is nie Christene met 'n "gesonde gees" nie?

Hiermee wil ek nie sport afkam nie: Sport het sy plek: Dit moet die liggaam opbou tot 'n tentwoning, sodat dit beskermend kan wees en aan die koninkryk van God kan bou. Sport het ook 'n ontspannende en mededingende funksie.

Ek wil egter wel 'n pleidooi vir sport uitbaan: 'n gesonde liggaam huisves nie uit die aard van die saak 'n gesonde gees nie. Mag ons hierdie gedagte – wat al ouer as 2 000 jaar is – nou afskud.

Jan Kroeze
KLOOSTER

# Pukke goedkoop na Europa

**Einde November sal 'n veertigtal Pukke koerskry Europa toe onder die vaandel van die jaarlikse Platsakstudentetoer.**

Die twee dosente wat vir die reëling daarvan verantwoordelik is, het reeds vyf sulke toere op hulle kerfstok en spog met nege jaar se ervaring. Hulle verduidelik dat die eerste platsaktoer wat in 1968 plaasgevind het, 'n poging was om 'n beter en goedkoper toer te organiseer as die enigste ander toer wat destyds aan Afrikaanse Universiteite aangebied was. Die toer was so 'n sukses dat hulle daarna elke derde jaar 'n toer aangebied het en sedert 1974 jaarliks. Vanjaar se toer – die sesde – het nog steeds dieselfde oogmerke. Al verskil is dat waar vroeër tot 90 inskrywings aanvaar is, die toergroep deesdae tot 40 beperk word ter wille van 'n intiemer atmosfeer.

Wat die Platsaktoer anders maak as die halfdosyn of wat ander toere wat jaarliks op verskillende kampusse aangebied word is sy omvang, balans en andersheid. Met hierdie aanspraak bedoel die organiseerders twee dinge: Eerstens dat hulle met die ontwerp van die toer moeite gedoen het om die ou en uitgetrapte toeriste paadjies wat wemel van kosteslaggate en kunsmatige atmosfeer te vermy en verder deur ewe veel tyd in te ruim vir stede en die platteland. Plekke soos Salisbury, Stonehenge, en Stratford in Engeland, Mont Sant Michel, die Loire Vallei en Tours in Frankryk, Rothenburg, die Swartwoud en Neuschwanstein in die Beierse Alpe, Grindelwald in Switserland word besoek naas stede soos Londen, Parys, München, Heidelberg, Venesië, Floraans, Innsbruck en Amsterdam om maar net enkeles te noem.

Tweedens wys die organiseerders daarop dat te veel toere bestaan uit 'n douvoor-dag wegspring van punt A om na sonsonder by put B aan te kom vir 'n een-nagse verblyf om die volgende dag die storie maar net te herhaal. Sulke ondernemings is meer van 'n tydren as 'n toer. Die Platsaktoer bring dareenteen minstens 'n volle dag (d.w.s. twee nagte) in 12 uitsoek plekke deur en 'n halfdag in sewe ander. Dit bring mee dat, hoewel die toer vir die 37 dae van sy duur 'n groot hoeveelheid plekke intensief besigtig, dit heelwat minder inspannend is as meeste ander toere.

'n Verdere belangrike kenmerk van die Platsakkers, en die eienskap waaraan die toer sy naam te danke het, is, volgens die organiseerders, dat dit steeds die goedkoopste inklusiewe toer na Europa is. Die sommetjie waarop hierdie aanspraak berus is die omrekening van die toerprys na die koste van die toer per dag nadat alle uitgawes in berekening gebring is. Met eerste oogopslag kan die koste van 'n toer baie misleidend wees, sê hulle. 'n Ontleding van die "fynskrif" van die meeste toere sal aan die lig bring dat die koste van visums, fooitjies, toegangsgelde tot museums, ens. nie by die basiese koste inbegrepe is nie terwyl dit van die "opsionele uitstappies" wemel en dié dinge kan 'n aardige bedrag beloop.

Die Platsaktoer sluit deurgaans twee etes per dag in, al die kostes van bergsweefspoor, 'n kanaalvaart en Rynvaart, museum- en gallerybesoeke, fooitjies, lughawebelasting, visums en selfs vier aanduitstappies in. Wanneer al hierdie kostes by die prys van ander toere gereken word kos hulle tot R12 per dag meer as die Puktoer. Wat meer is, is dat vanjaar se Platsaktoer nog goedkoper is as verlede jaar s'n, geen geringe inflasieprestasie nie! Hierdie aanspraake is deur die Pukke wat op verlede jaar se toer was beaam toe hulle onlangs re-unie gehou het.

Die organiseerders beperk ook nie deelname aan die toer tot Pukke nie maar verwelkom almal wat aan die pret wil deel. Ruim lenings is beskikbaar.

Toerbrosjures is verkrygbaar by die kafeteria, mev. Botha, sekretaresse by die Frans du Toitgebou, mev. Jacobz, sekretaresse by die Geografiegebou, of direk van prof. G.N. van den Bergh of mnr. W.J. Voordewind van die Depte. Geskiedenis en Geografie onderskeidelik.

## NUWE WAPADREDAKSIE

HOOFREDAKTEUR: Frikkie Odendaal; Makouvlei
ASSISTENT HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze; Klooster
REDAKTEUR RADE EN INTER-UNIVERSITÊR: Richard du Rand; Dorp
NUUSREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré
REDAKTEUR MANSKOSHUISE: Lourens du Plessis; Caput
REDAKTRISE DAMESKOSHUISE: Diana Roestor; Vergeet-My-Nie
SPORTREDAKTEUR: Nico van der Westhuizen; Hombré
SPORTREDAKTRISE: Lolla Claasen; Dorp
DAMESBLADREDAKTRISE: Leenster Pasch; Klawerhof
KUNSREDAKTRISE: Millie d'Assonville; Dorp
TEGNIESE REDAKTEUR: Christo Dippenaar; Caput
REDAKTEUR VAALDRIEHOEK: Vakant
FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré
SEKRETARESSE: Marlian Kritzinger; Vergeet-My-Nie
PENNINGMEESTER: Paul Slot; Dorp
SPOTPRENTE: Mynderd Vosloo; Caput
ADVERTENSIEBESTUURDER: Jurjen Suurd; Liberalia


**Laat ons vir jou 'n blink toekoms uitskryf**




**R1000 p.j. vir studie in 'n groot verskeidenheid van studierigtings**

As jy na jou studies 'n Staatsdiensloopbaan wil volg, kan jy 'n ruim merietebeurs losslaan. Kom gesels met die man van die Staatsdienskommissie.

**'n Staatsdiens-loopbaan is interessanter en lonender as wat jy dink.**

**19 tot 21 September 1977 : 09h00 - 16h00**

**Senaatsaal, PU vir CHO**

# NKOSI SIKELEL'I TROM IN KAMERTONEEL

**N'kosi sikelel'i Afrika – 'n vertolkingsprogram eie aan die tydvlak waarin ons leef – 'n program oor rasseverhoudings in Suid-Afrika, is van 6 tot 10 September in die P.U.-Kamertoneel aangebied.**

Die vertolkers Louw le Roux, Kobie Nortjé en Berendien van Coller, honneursstudente, onder die leiding van Netta Schutte, het die problematiek van veel volke in een land deur middel van die letterkunde aan die gehoor voorgehou.


O hulle daarin geslaag het om met byna niks dekor en gewone maar tog smaakvolle klere, die saamwoon van meer as een volk in hierdie land – die ligte maar ook en veral die somber kant te vertolk, kan net 'n besliste ja geantwoord word.

Veral Berendien het baie oortuigend van die ou-weduwee-vroutjie in "Die sendeling se dood" deur Elsa Joubert verander tot die tipiese bruinvrou in "Die verminktes" deur B. Smit.

Uittreksels uit werke van A. Small, O. Mtsali, N.P. van Wyk Louw, F.A. Venter, B. Breytenbach, D.J. Opperman e.a. is vertolk waarmee die betrokkenheid by en die eietydse problematiek van Afrika in so baie fasette uitgebeeld word.

Dit was 'n program wat bygewoon moes word deur almal wat Afrika en Suid-Afrika se verbondenheid aan Afrika aanvaar.

SPESIALE AANBOD
*BLOU DENIMS - GEBLEIK*
*SLEGS R12-95*



CASSIDYS jeans

*DIE BLOU WINKEL*
WINKEL 56, NUWE SAKESENTRUM
TEL 6364 EN 21861

# RAKA val PUK binne

**Die Departement van Spraakleer en Drama se prestige opvoering van die jaar word vanaf 29 September tot 1 Oktober in die Totiussaal aangebied – dit is Raka van N.P. van Wyk Louw.**

Die hele departement neem deel aan die produksie, asook al die vakke wat deur die departement aangebied word.

Die produksie is 'n eksperiment deurdat Brenda Potgieter, die regiseuse, nie die "Raka" van N.P. van Wyk Louw gebruik as karakter nie, maar die universele mens. Die universele mens wat sy eie identiteit verloor – die mens verdwyn en die idee word vertolk. dit word gedoen deurdat die hoofkarakters elk deur twee persone vertolk word.

Raka word vertolk deur Gerrit Swanepoel en Dawie du Toit en Koki deur Johan Steenkamp en Willie Fritz. Die hoofdansers van die koor is Janita Neser en Betsie Coetzee. Die ander lede van die koor is Amatea Meyer, Leenster Pasch, Esmarie Pienaar, Rika de Beer en Diane Brothy.

Raka word op drie speelvlakke opgevoer en die toeskouers sal die opvoering "uit die hoogte" kan besigtig vanaf paviljoene wat binne in die saal ingebring is.

'n Verdere deel van die eksperiment is dat alles van eie bodem afkomstig is. Die konvensionele musiek van die eerste helfte is geskryf deur John Coulter, 'n tweede jaar B. Mus., en die tweede deel deur Johan van Rensburg. Die elektronies musiek is in die Laboratorium gerealiseer. Daar is reeds verlede jaar in Augustus begin met musiekopnames en die musiekregie is deur Brenda Potgieter grotendeels self behartig.

Kobus van der Walt is verantwoordelik vir die elektroniese versorging en Joe Coetzee vir die dekor.

# MEESTERSKONSERT – PUIK

**deur Kunsredaktrise**

**Jaarliks word daar ses meesterkonserte deur die Musiekdepartement van die P.U. vir C.H.O. aangebied. Tydens dié konserte tree dan musici van wêreld-standaard op.**

Alfredo Stengel (tjello) en Isabella, sy vrou (klavier) het vir 'n puik aanbieding van 2 sonates van Beethoven en ook werke van Chopin en Schumann op Woensdag 7 September gesorg.

Alfredo Stengel is 'n Italianer wat hom in Durban kom vestig het, waar hy verbonde is aan die Natalse Universiteit. Hier het hy ook in die Durbanse Simfonie-orkes gespeel.

Die twee kunstenaars het die uitvoering begin met Fréderic Chopin se Inleiding en Polonaise Opus 3. Daarna het Ludwig van Beethoven se Sonate in A-majeur Opus 69 gevolg. Hier het die dialoog en besondere fyn aanvoeling tussen die twee kunstenaars mens dadelik op die punt van jou stoel laat sit. Veral die Scherzo – gedeelte met die kenmerkende passasies met klemverskuiwing in die ritme, wat tussen die twee instrumente afgewissel word, is baie oortuigend uitgevoer.

Ná pouse het die klein maar waarderende gehoor geluister na Robert Schumann se Adagio en Allegro opus 70 en Ludwig van Beethoven se Sonate vir tjello in C-majeur Opus 102 Nr. 1.

Wat 'n voorreg vir ons Pukke om konserte van dié gehalte teen 'n baie lae prys, binne loopafstand te kan belewe!

# P.U. Kunsstudente stal uit

**Soos gebruiklik hou die Departement van Beeldende Kunste weer 'n uitstalling van hul studente se werk. Die uitstalling word op 27 September deur Prof. J.S. du Plessis, dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, waarnemende hoof van die Departement Beeldende Kunste, geopen.**

Die uitstalling word deur die studente as hoogtepunt van die jaar beskou, aangesien die werke wat uitgestal word, werke is waaraan daar dwars deur die jaar gewerk is. Werke van uiteenlopende aard sal uitgestal word. Die standaard wat van die studente verwag word in hierdie departement belowe om van hoogstaande gehalte te wees.

Fort Hare het vanaf 30 Augustus tot 10 September 'n uitstalling van werke wat deur hulle studente gemaak is hier gehou en dit gee des te meer rede om na die uitstalling van die P.U. studente uit te sien, aangesien die standaard van ons eie studente dan duidelik na vore sal kom.

In teenstelling met Fort Hare waar die studente moet kies watter bepaalde kunsmedium hulle wil gebruik, moet die studente van die P.U. dwarsdeur hulle kursus van verskeie mediums gebruik maak.

Die departement bied ook iets uniek vanjaar deurdat lede van die publiek op 22 en 23 September genooi word om die werksaamhede van die studente in die kunsateljees op die kampus te besigtig.

Die uitstalling word in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit gebou gehou en kan gedurende kantoorure en Saterdag van 9-12 besigtig word.

# FORT HARE KUNSUITSTALLING

**deur Kunsredaktrise**

**Verlede week het die Departement van Skone Kunste van die Universiteit van Fort Hare in die Frans du Toit se uitstallings lokaal hul kunswerke uitgestal.**

'n Historiese gebeurtenis! – Dit is die eerste maal dat die Universiteit van Fort Hare op ons kampus 'n uitstalling aanbied.

Daar is 64 werke uitgestal. Dit is werke van 9 studente en 'n dosente, Estelle Marais.

Die departement is reeds drie jaar in werking aan die Universiteit. Vanjaar is dus die eerste jaar wat daar finale-jaar studente is.

Die studente het olieverf, linosnee, etse en beeldhouwerke (hout) uitgestal. Veral die linosnee en etse is van besondere hoë standaard.

Die Olieverf-werke is baie kleurvol. Sommige gee mens egter 'n inkleurboek indruk. Wat mens opval is dat daar baie van hulle eie kultuur in die kunswerke na vore kom nl. voorvadergeeste, die natuur en ook geraamtes van mense.

Elke werk vertel 'n storie. Dit vereis egter 'n weer-enweer gaan kyk om die werke werklik te verstaan en te waardeer.

Dié uitstalling was beslis die moeite werd om na te gaan kyk!

# Sjordé vermaaklik

**deur Kunsredaktrise**

**Nog 'n sjordé net die titel Anton Paflowitsj vertel . . . het vir hierdie week se genoeglike etensuur gesorg.**

Die deelnemers Liesbet Schoeman, Kobie Nortje en Christo Bornman het die Tsjechof stukkies oordrewe maar slim vertolk. Die strekking is 'n nugtere ironiese en soms pessimistiese siening van die liefde en die hartstog van die mens en alles wat daarmee saamhang.

Veral die Russiese volksmusiek wat as agtergrondmusiek gebruik is, het 'n besondere atmosfeer geskep. Dit het vergoed vir die min dekor en kostuums wat gebruik is. Tog het Peet van Rensburg gesorg vir fyn regie.

Die toeskouer se aandag word die heeltyd by die vermaaklike, en humoristiese opvoering vasgevang.

# Drama Dept. steeds bedrywig

**Lentevonkel, onder leiding van Paul Schutte en Aldo Behrens, word vanaf 19-23 September aangebied. Dit is 'n opvolging van die vorige seisoenvonkels – Somer, Herfs en Winter.**

Die program bestaan uit verwerkings van vroeëre musiektreffers. Dit beloof om 'n lewendige program te wees. Buiten die bekende stemme van Aldo En Paul sal daar ook van damesstemme gebruik gemaak word.

Belangstellendes sal vroegtydig moet bespreek as hulle seker wil wees van 'n plek.

Die tweedejaarsgroep van Spraak en Vertolkingskunde bied op 18 September 'n Bybelprogram onder leiding van Henk Wijbenga aan. Die tema van die program is Johannes die Doper – wegbereider vir Jesus Christus.

Die Bybelprogram begin Sondagoggend net na die diens om 11h00 in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord. Daar sal die aand ook 'n aanbieding by die Tegniese Skool gehou word.

Toegang is gratis en daar sal 'n silwer kollekte na afloop van die program gehou word.

# PUK DISSE BY OVER DE VOOR

**Die leeu van Over De Voor het weereens die afgelope jaar hard en duidelik op die kampus gebrul, want die jaar was 'n groot sukses.**

Ons het Karnaval met 'n groot gejuig saam met Karlien tegemoet gegaan en 'n groot fees daarvan gemaak. Ben en sy span het gesorg dat die Vrydagnag baie vinnig korter gemaak is . . . Nie nou nie . . . NOU! Met Bertie se hulp kon Beentjie ook sy "SCHAFT" voltooi.

Blykbaar het Karnaval ook sy tol geëis en ons neem met leedwese afskeid van Eric, Johnny, Skillers en Kruger. Vir Cap Badenhorst net – we hope that you will be well soon.

Van heinde en ver het Leeus in hulle massas opgeruk na Over De Voor om 'n groot feesmaal tydens ons reünie te nuttig. Die bestanddele van die verskillende disse het Moses en sy manne sommer op die kampus bymekaar gemaak.

Daaruit het hy 'n groot feesmaal getower.

Vir sop was daar 'n keuse van Skilpadsop en Kalkoensop wat kloekend afgegaan het, terwyl die tafels baie mooi versier was met Heideen Karlien blomme. Die Soetdoringtakke was daar om die ongewensde elemente soos Tommie tiere, Katastrofe, Katte en Bese weg te hou.

Vir die voorgereg was daar ongelukkig nie seekosse beskikbaar nie, maar die klomp Pikkewyne wat ons vir die monnikke van 'n naburige vervalle Klooster gekry het, het nie te sleg afgegaan nie. Daarmee saam het die heelgebraaide Makoue en 'n lang Hoenderhaansous nie sleg gesmaak nie.

Toe die hoofdis. Dit was Kameelperdnek, Kattong en 'n lekker gebraaide Buffelboud. Gelukkig kon ons vir elke oud Leeu nog 'n pakkie maer Koedoe biltong saamgee.

As vermaak het die Donkies wat tussen die Klawers wei, as rydiere gedien. Dit was groot pret om die Seekoei tussen die Silwervarings te ry.

Die eerste Snoekertafel op UK-bodem het sy weg na Over De Voor gevind. Soos met die Koshuistruie en baie ander belangrike dinge op die Kampus, was Over De Voor weereens die koshuis om eerste die inisiatief aan die dag te lê om ontspanningsgeriewe vir sy inwoners te skep. Van vroegdag tot laat nag beoefen die manne hul vaardigheid met die snoekerstok, en menige "vreemdelinge" het al met verlangende oë na die tafel gekyk. Nou kan die ander manskoshuise maar weer in ons voetspore volg.

Die boodskap aan die res van die kampus is dat hulle maar vinnig moet volg. Hou ons maar dop. Volgende jaar is daar weer nuwe items op ons agenda, wat onder julle aandag sal kom. Volg maar, Over De Voor is altyd aan die voorpunt met alle leisels in die hand.

## DORP DAMES SÊR VIR REKTOR

IN DIE druktyd van verkiesings het die Dorp Damès ook 'n nuwe HK verkies. Dieselfde aand is die eerstejaars onthef en hulle het die ou HK tydens 'n hofsitting gevonnis om hulle onmiddellik te onthef. Ons dames het ook geskiedenis gemaak deurdat ons die eerste groep was wat vir die rektor gaan sêr het. Dit het blykbaar bietjie onverwags op die rektor se vrou afgekom, want 'n eerstejaar moes gaan melkpoeier haal sodat ons kon koffie drink. Met 'n bossie blomme in die hand en "Heerlike Lente" op ons lippe het ons die lente verwelkom voor die Rektor se woning.

Dorp Dames.

## DAMES OP DIE VOORPUNT

**Vir die PUK-dames was daar die afgelope paar weke baie om na uit te sien. In elke koshuis het die geselsies sommer gewemel van die nuwe HK's en daar is baie gewonder oor wie die nuwe "baas" van die "huis" gaan wees.**

Vir omtrent al die dames was die verrassings groot en die nuwe primariae wat volgende jaar gaan regeer is:

Kulu – Cathy Bouwer
Wanda – Karin Grobler
Heide – Carin van Wyk
Karlien – Venita Venter
Kasteel – Betsie Steyn
Klawerhof – Magdel van der Walt
Oosterhof – Anita du Plooy
Dorp – Ansie Scholtz
Vergeet-my-Nie – Annemarie Kruger
Wag-'n-Bietjie – Ilse Basson

Vir hierdie dames wens ons baie sterkte toe met hulle groot taak en hoop hulle geniet dit baie.

## Liberalia nou rustig

**Die atmosfeer in die koshuis raak al rustiger, a.g.v. die eksamen wat soos 'n berg voor ons lê. Die manne gaan vroegvroeg kamers toe en eers laatnag word die ligte afgeskakel.**

Ons was egter nie die hele jaar so stil nie, inteendeel, daar is op alle gebiede van ons laat hoor en ook deeglik soos bv. hierdie geval: Overs vs. Dawie-Dup – telling: 15-3 in die guns van Dawie-Dup!

Verder wen ons die Milieland-fietstoer en saam met Makouvlei ook die rugbyliga. So kan ons aangaan met prestasie op prestasie.

Met die nuwe HK-lede wat vir volgende jaar gekies is, is daar geen twyfel dat ons tot nog hoëre hoogtes gaan uitstyg nie.

Laastens wil ons vir almal sterkte toewens met die eksamen en die manne wat die koshus verlaat: mag julle 'n suksesvolle toekoms hê!

## DIE NUWE PRIMARII

**'n Stempersentasie van sowat 99% is gedurende die afgelope HK verkiesing by die Manskoshuise gehandhaaf. (Dit vergelyk baie goed met dié van die S.R. Verkiesing wat maar 70% was.)**

Nuwe Primarii aan die westekant van die spoor is Johan Botes (Liberalia), Ben Robbertse (Makouvlei) en Corrie Kraamwinkel (Over de Voor).

Aan die oostekant van die spoor sal Barry van Rensburg (Heimat), Dana van Zyl (Thaba-Jäh), Gert Breed (Caput), Jannie Coertze (Hombré) en Walter Brand (Uitspan) die leiding in die koshuise neem.

Dorp, wat nou in drie wyke ingedeel het, sal funksioneer onder leiding van Dirk Hansen (Majuba), Ian Ferreira (Bailley Park) en Johan du Toit (Villagers). Die man in Klooster wat met die leisels in sy hande sit, is Abrie Bruwer.

Met lus en ywer sit hierdie manne gereed om hierdie veeleisende taak aan te pak.

## HOMBRE BESKERM HUL VLAG

**Dit is darem snaaks om te sien watse metamorfose die akademie die koshuisinwoners kan laat ondergaan. Die eertydse uitbundigheid in die gange word nou sommer brutaal kortgeknip. Selfs ou Piesang beweeg deesdae so stil soos 'n muis – te bang om sy tirades te laat hoogty vier.**

Die Hombré-manne laat hulle egter deur niks ontwrig nie. Woensdagmiddag is al die akademie-frustrasies uitgehaal – jammer dat van die dames van Van Heerden-Huis dit somtyds moes ontgeld. Dit wil verder voorkom asof die sleepaksies nie skade ly nie – te oordeel aan die groot aantal manne wat elke aand oor die spoor draf met of sonder hulle akademiese tasse! Dit is nogal interessant om te sien hoe sommige ouers se asters hulle 'vriendelik versoek' om maar die sleepuur so saam-saam in die biblitеek deur te bring. Dit lyk nogal asof sommige vrouens darem hulle sout werd is? So, terloops: sal een van die manne, wat vaardig is met 'n knyptang, nie maar weer die doringdraad – versperring uit die weg ruim nie? en of ander tyd sal ons "bure" moeg word om die grensdrade van die bufferstrook op te knap.

Na 'n mislukte staatsgreep, het elf manne besluit om die gesag in Hombré op hulle skouers te neem. Hul identiteit is baie twyfelagtig, maar die manne is vasberade om hulle te laat geld. Die huispa sou blykbaar beweer dat hulle die nuutverkose H.K.-lede is. Wel, alle sterkte aan dié manne.

Net 'n laaste waarskuwing aan die dames wat nie die versoeking om ons vlag te was, kan weerstaan nie: As die 'Calvipol' julle middernagtelike besoeke nie kan kortknip nie sal Hombré se eie geliefde K.K.K. maar aan die werk moet spring!

## WAG-'N BIETJIE WAG NOOIT

**Wag-'n-Bietjie is nie 'n koshuis wat vir groot dinge wag om te gebeur nie, hulle laat dit gebeur. Al die dames het 'n deel daaraan en die eerstejaars is soos gewoonlik die dames met berge inisiatief.**

Wag-'n-Bietjie het hulle eerstejaars eervol onthef na 'n suksesvolle "gehokte" naweek, P.T. Maandagoggend en 'n heerlike Sjampanje-ontbyt. Dit was vir die jonge dames soos 'n gelukspakkie vir Kersfees.

Die afwagting in die koshuis loop altyd hoog – of dit nou vir die H.K.-verkiesing of vir die eksamens is. Tussendeur kry die dames nog geleentheid om te skiet ook. Manne, dis nie nou-al vir die koshuisdinee nie, maar vir koshuiskamers volgende jaar.

Ook op sport het ons ons deel gedoen en weggestap met die hokkiebeker van die tweede liga span.

Na ons eerstejaars se heldhaftige optrede tydens die H.K.-verkiesing, wens ons die dames baie sterkte toe.

Net 'n laaste woord van al die Pukke: Wag en kyk vir Wag-'n-Bietjie.

WESVALIA BOEKHANDEL
ONS HET NET WAARNA U SOEK
KOM OORTUIG USELF
Posbus 20060
POTCHEFSTROOM
Tomstraat 84 Tel. 6660

KONINOOR JEWELRY & CRIMP CENTRE
INDIËR WINKELSENTRUM NO 58
JUWELE TEEN WEGGEE PRYSE!!
Nuwe voorraad pas verkry
ENIGE MATERIAAL TEEN LAAGSTE PRYSE
CRIMPLENE @ 99c per meter
POLIËSTER KATOEN @ 99c per meter
HANDDOEKSTOF was R4-99 per meter
nou R1-49 per meter
TRI-LOROLA @ 99c per meter
HORLOSIES TEEN BELAGLIKE PRYSE!
KOM KYK GERUS!
ONS MAAK OOK GAATJIES VIR OORRINGETJIES

